

MATRIEK 2026: DEEL 2

Ure se leer help nie as jy net 'watertrap' nie

Jy lees weer jou notas. Jy onderstreep die belangrike dele. Jy maak nóg 'n opsomming. En ná ure agter jou boeke voel jy doodmoeg. Maar het jy werklik iets bemeester? In deel 2 van Jip se matriekreeks waarsku leerkenner **dr. Cas Olivier** dat hard leer nie noodwendig slim leer is nie en verduidelik hy hoe matrikulante hul brein eerder kan leer om vorentoe te dink.

Jy lees weer jou notas. Jy onderstreep die belangrike dele. Jy maak nóg 'n opsomming. En ná ure agter jou boeke voel jy doodmoeg. Maar het jy werklik iets bemeester? In deel 2 van Jip se matriekreeks waarsku leerkenner dr. Cas Olivier dat hard leer nie noodwendig slim leer is nie en verduidelik hy hoe matrikulante hul brein eerder kan leer om vorentoe te dink.

Die matriek-eindeksamen kom al hoe nader en saam met die naderende eksamen kom die versoeking om eenvoudig nóg ure agter die boeke deur te bring.

Maar meer ure beteken nie noodwendig meer vordering nie.

In die eerste deel van Jip se matriekreeks het Olivier verduidelik waarom dit nie genoeg is om bloot die werk te 'ken' nie. 'n Matrikulant moet sy of haar brein eksamenfiks kry. Jy moet kennis kan gebruik, verbande kan raaksien en kan dink wanneer 'n eksamenvraag anders lyk as die voorbeeld wat jy geleer het.

In deel 2 kyk ons na die volgende belangrike vraag: Hoe weet jy of die manier waarop jy leer jou werklik vorentoe neem?

Volgens Olivier is een van matrikulante se grootste foute juis in iets wat vir hulle baie produktief kan voel.

Hulle lees notas oor en oor, onderstreep belangrike sinne, gebruik verskillende kleure en herhaal wat hulle reeds gelees het.

Die gevaar?

Jy verwar bekendheid met bemeestering.

Jou brein is nie 'n deurmekaar kas nie

Olivier vergelyk dit met 'n klerekas waarin alles eenvoudig ingegooi is.

Jy weet jou T-hemde, skoolklere, sportklere en sokkies is iewers daar. Maar wanneer jy 'n spesifieke item nodig het, moet jy eers daarna soek.

Dieselfde kan met kennis gebeur. 'n Leerder kan baie inligting in sy brein hê, maar as daar nie 'n struktuur is wat die kennis organiseer en verbind nie, is dit moeiliker om vinnig die regte kennis op te spoor en in 'n eksamenvraag te gebruik.

Gebruik daarom eerder van jou studietyd om die werk te klassifiseer, groepeer, vergelyk en verbind.

Vra: Wat hoort bymekaar? Hoe verskil hierdie twee begrippe? Wat veroorsaak wat? Waar het ek hierdie beginsel al voorheen raakgesien?

Jy probeer dus nie bloot nóg inligting in die ‘kas’ gooi nie. Jy organiseer dit sodat jou brein weet waar om dit te kry wanneer jy dit nodig het.

Moenie watertrap nie

Werk meer ure oor die boeke noodwendig beter? Olivier se antwoord is eenvoudig: Nee.

Veral nie wanneer daardie ekstra ure hoofsaaklik uit herlees, herkyk en onderstreep bestaan nie.

Hy vergelyk dit met watertrap. Jy gebruik baie energie. Jy raak moeg. Maar jy beweeg nie vorentoe nie.

Nog erger: Wanneer ’n leerder ure lank werk sonder om werklik ’n verskil te ervaar, kan die gedagte begin posvat: Ek probeer dan so hard. Hoekom kry ek dit steeds nie reg nie?

Dit kan selfvertroue knou juis wanneer ’n matrikulant dit die nodigste het.

Die vraag behoort dus nie bloot te wees: Hoeveel ure het ek vandag geleer? nie.

’n Veel beter vraag is: Op watter nuwe manier het ek vandag uitgefigure?

Die krag van ‘wat volgende?’

Olivier noem dit ‘The Power of Next’ – die vermoë om nie by die eerste antwoord of die eerste stukkie kennis te stop nie, maar voortdurend te vra: Wat volg nou?

Hy gebruik Thomas Edison se ontwikkeling van die gloeilamp as voorbeeld. Wanneer iets nie gewerk het nie, het Edison nie bloot dieselfde ding oor en oor probeer nie. Hy moes telkens ’n volgende moontlikheid ondersoek.

Wie ’n matrikulant wil leer dink, moet dus nie net leer om ’n antwoord te gee nie, maar om te kan bepaal wat die volgende produktiewe denkstap kan wees.

Wanneer jy ’n onderwerp leer, vra byvoorbeeld: Waarom het hierdie stap gewerk? Wat is dieselfde en wat is anders? Wat veroorsaak dit en wat is die gevolg? Watter patroon kan ek sien? Wat sal gebeur as een deel verander? Hoe kan dieselfde kennis in ’n ander konteks gebruik word? Watter vraag sou ’n eksaminator hieroor kon vra?

Dit is die soort denke wat jou voorberei op ’n eksamenvraag wat jy nog nooit in presies daardie vorm gesien het nie.

Waar kan ons beter so dink?

Dit klink dalk maklik wanneer ’n leerder die verduideliking gee. Maar hoe leer ’n matrikulant om vrae op nuwe maniere te benader as hy of sy nog nooit so geleer het nie?

Volgens Olivier is die vermoë om vrae te vra glad nie vreemd aan ons nie. Kinders doen dit van nature. Hulle vra aanhoudend: Waarom? Wat gebeur as ...? En wat dan?

Daardie nuuskierigheid kan weer ontgin en doelbewus tydens studie gebruik word.

Kunsmatige intelligensie (KI) kan ook as hulpmiddel gebruik word om hierdie soort denke te stimuleer – mits dit nie die dinkwerk namens jou doen nie.

In plaas daarvan om net vir 'n antwoord te vra, kan 'n leerder KI gebruik om nuwe moontlikhede te toets, vrae te genereer of 'n konsep vanuit 'n ander hoek te ondersoek.

Die doel bly dieselfde: Jy moet self die denkwerk doen.

Praat jou slimmer

Daar is nóg 'n hulpmiddel wat baie leerders onderskat: Praat met iemand.

Olivier meen gesprekke met klasmaats kan 'n belangrike deel van leer wees omdat iemand anders 'n vraag, gedagte of perspektief kan opper waaraan jy self nog nie gedink het nie.

Wanneer jy jou eie denke in woorde moet verduidelik, gebeur daar ook iets belangriks: Jy word gedwing om jou kennis te orden.

Dit maak 'n goeie studiegroep waardevol. Nie een waar almal net saam oor die vak kla nie, maar 'n groep waarin mense mekaar uitdaag om te verduidelik, te bevraagteken en verder te dink.

Hy beklemtoon ook dat die beste gesprek nie noodwendig dié is waar almal saamstem nie. Jou idee en iemand anders s'n kan saam iets oplewer waaraan nie een van julle alleen sou gedink het nie.

Dink soos die eksaminator

En dit bring matrikulante uiteindelik by 'n besonder nuttige oefening.

Wanneer jy 'n afdeling klaar geleer het, moenie net jou boek toemaak en besluit 'ek ken dit nie'. Vra eerder:

As ek die eksaminator was, hoe sou ek hierdie kennis toets? Van watter ander hoek kan die vraag gevra word? Wat kan verander word? Watter twee begrippe kan in een vraag saamgevoeg word? Watter afleiding sal 'n leerder moet maak?

Dit is presies wat in 'n eksamen gebeur. Jy word nie net gevra om weer te gee wat in die handboek staan nie. Jy moet met dit wat jy weet iets kan 'doen'.

En dalk is dit die belangrikste verandering wat matrikulante nou aan hul voorbereiding kan maak.

Hou op om jou sukses net in ure te meet. Meet dit eerder aan wat jou brein ná daardie studiesessie kan doen wat hy nie voorheen kon doen nie.

Want die doel is nie om tot by die eindeksamen doodmoeg water te trap nie. Die doel is om vorentoe te beweeg.

Volgende in Jip se Matriek 2026-reeks: Dr. Cas Olivier gee wenke oor hoe om voor te berei vir die eksamen van volgende week.

Redaksionele nota: Hierdie dokument is uit die aangehegte koerantbeeld getranskribeer. Die bronbeeld is laag in resoluë; waar die druk besonder onduidelik was, is die teks so getrou moontlik volgens die sigbare konteks gerekonstrueer.